

**4 November**

**Skrifgedeelte: Psalm 138**

**Fokusgedeelte: Psalm 138:8**

### **Oneindige liefde**

Dawid loof en prys die Here omdat Hy as Almagtige God in sy grootheid nie die mens op aarde vergeet het nie. Dawid beklemtoon veral die teenwoordigheid van die Here, wat sigbaar uitgebeeld word in die tempel. Dit is dus nie buitengewoon dat Jesus op twaalfjarige ouderdom soveel belang stel in die tempel in Jerusalem nie. Wanneer sy bekommerde ouers Hom na 'n soektog in die tempel kry, is sy antwoord: “Het u nie geweet dat Ek in die huis van My Vader moet wees nie?”

Ook Dawid beleef hierdie teenwoordigheid van God. In vers 2 sê hy: “Ek wil na U heilige tempel toe buig en U Naam roem om U liefde en trou ...” Hiermee loof Dawid God vir sy teenwoordigheid en vir sy liefde waaraan daar geen einde kom nie.

God se liefde is so groot dat dit in ons binneste indring. Al draai ons soms ons rug op God, al struikel ons nog dikwels, God bly getrou. Aan sy liefde is daar geen einde nie. Dit is 'n liefde wat niks van ons kant vra om dit te verdien nie. Dit word aan ons geskenk. In Jesus bereik die liefde van God sy hoogtepunt. Geen mens kan teen die sonde staande bly nie. Geen mens kan die toorn van God dra nie, maar God wil nie sy skepping en die mens wat Hy liefhet, prysgee nie.

Jesus Christus word gestuur om die mens uit sy sondedood te red. Die enigste Seun van God die Vader word aan 'n kruishout vasgespyker, sodat elkeen van ons kan deel aan hierdie verlossing. Aan die liefde van God is daar geen einde nie.

Hierdie liefde word deur die Heilige Gees aan my geskenk. Sy liefde is nou die grond waarop ek altyd voor Hom kan pleit. Sy liefde is die rede waarom ek my lewe in dankbaarheid aan God moet oorgee.

*Sing: Psalm 138:1 Ds WGM Kotze (Rooihuiskraal)*